Christus is God met ons – sy kerk

Ds. PJ Kriel 10.12.2023

Inhoud Hierdie preek wys dat die kerk van die Here die ware Israel is omdat Jesus Christus as persoon Israel se posisie voor God vervang het. Dit wys dat die nasionale staat Israel vandag geen besondere heilsplek in God se raadsplan het nie en net nog een volk tussen alle ander volke is. Daarom moet die besluit om Israel te ondersteun of teen te staan nie uit godsdienstige redes nie maar uit politieke en ekonomiese redes wees.

Skriflesing Matteus 1:1, 18 – 23; 2: 13 – 15; 28: 18 – 20. Hosea 11: 1 en 2; 1: 8 en 9.

Teks Mat. 2: 15 " Uit Egipte het Ek my seun geroep."

Tema Christus is God met ons – sy kerk.

1. Is ons die kerk van die twaalf stamme van Israel wat uit Egipte geroep was of is ons die kerk van die Seun wat uit Egipte geroep is?

Dit is die wonder en vreugde van Kersfees! Omdat ons die kerk is van die Seun wat uit Egipte geroep is, is God, God met ons! Die engel openbaar die evangelie in een Woord so: "Jesus is Immanuel. Jesus wat verwek is as mens in Maria, Hyself is God met ons. Hy is die sondaar mens in ons plek wat al ons sondes op Hom neem sodat God met ons kan wees – gereinig en geheilig deur Jesus Christus.

Jesus Christus is God met ons is hoe die evangelie Matteus begin en ook die laaste sin waarmee dit eindig in Matteus 28: 20 " En kyk, Ek is met julle al die dae tot die voleinding van die tyd." Jesus Christus is self God met ons, in lewe en sterwe tot en met sy wederkoms.

Daarom mag ons op hierdie openbaring van die Here Jesus Christus in hierdie Kerstyd vra: " Met wie is God in hierdie wêreld?"

Ons teksvers wys vir ons met wie is God nie meer "God met ons" in hierdie wêreld nie – " Uit Egipte het ek my Seun geroep." Hierdie sin verwys na Josef en Maria wat na Egipte gevlug het om te keer dat Herodus Jesus as baba nie doodmaak nie. Hy wou die Christus as Koning van die Jode doodmaak en het daarom beveel dat alle seuntjies van twee jaar af en jonger in die Betlehem omgewing doodgemaak moet word. In Egipte was daar 'n sterk Joodse gemeenskap en hulle het nie onder die gesag van Herodus geval in die romeinse ryk nie. So het Jesus uit Egipte opgetrek na Nasaret toe.

Matteus wys dat Jesus se roeping uit Egipte, Israel as Seun van God vervang volgens die aankondiging van die profeet Hosea: " Toe Israel 'n kind was het Ek hom al liefgehad, en uit Egipte het Ek my Seun geroep. Toe daar later net so hulle geroep is, het hulle van My af weggegaan. Hulle het vir baäls offers geslag en vir afgodsbeelde die rook van offers laat opstyg. (1: 1 en 2)

Met Christus se roeping uit Egipte as Seun verwerp God Israel as sy seun wat Hy uit Egipte geroep het.

2. Die verwerping van Israel as God se seun word só in Hosea 1: 8 aangekondig: "Die Here sê toe: "Noem hom Lo-Ammi, want julle is nie my volk nie, en Ek is nie "Ek is" vir julle nie." Hierdie is die oordeel waarin god Israel as verbondsvolk verwerp. God verklaar hulle is nie meer sy verbondsvolk nie en God is nie meer hulle Verbondsgod nie. Ek is nie meer " Ek is" vir julle nie beteken dat God is nie meer vir hulle God soos Hy Homself aan Moses geopenbaar het nie: "God sê toe vir Moses : " Ek is wie Ek is. Hy sê toe ook: so moet jy vir die Israeliete antwoord: 'Ek Is het my na julle toe gestuur ... Die Here, die god van julle voorvaders, die God van Abraham, die God van Isak, die God van Jakob het my na julle toe gestuur. (Ex.3: 14 en 15)

In die oordeel van God: Julle is nie my volk nie en Ek is nie Here, Jahweh vir julle nie, beëindig God sy verbondsverhouding met Israel. Dit was hierdie oordeel wat die Tien stamme van Israel net laat verdwyn het tussen die afgodsdienste van die Naby Ooste.

Wanneer Matteus dan openbaar dat Jesus nou die Seun is wat god uit Egipte roep volgens die Messiaanse belofte van Hosea 11: 1, dan vervang Jesus Christus die volk Israel se status as seun van god en is Israel nie meer sy verbondsvolk nie, maar is die kerk van Christus nou God se verbondsvolk.

Dit is die dramatiese ingryping van God in Christus met Kerstyd, die geboorte van Christus. Nou is God, God met ons, die kerk van die Here Jesus Christus. God is nie meer God met die Jode as sy volk nie. God is nie meer hulle God nie en hulle is nie meer God se volk nie.

Christus voltrek die oordeel oor die Jode: Julle is nie my volk nie en Ek is nie "Ek is' vir julle nie." God vervang die volk van die twaalf stamme wat uit Egipte getrek het met die kerk van die Here Jesus wat uit Egipte na Nasaret toe getrek het,

Dit wys in die eerste koningshulde wat aan Jesus Christus gebring word in die Matteus evangelie – dit is nie die Jode wat aan Hom koningshulde bring nie, maar die heidene, die towenaars uit die Ooste. Geen Jood het Jesus Christus vereer as " God met ons nie" - tot vandag toe.

3. Wat het Israel die volk van God gemaak?

As gemeenskap was Israel, Abraham, Izak en Jakob, Amoriete. Dit was 'n gemeenskap wat van 2200 v. C tot 1200 v.C. . verspreid gewoon het van die gebiede wat vandag Irak, Sirië, Palestina, Saudi-Arabië, Palestina en Egipte is. As ons dit met ons onsself vergelyk was hulle soos die Afrikaners deel die wêreldwye Europese gemeenskap.

Hierdie hele Amoritiese gemeenskap het toe, soos alle mense oor die hele aardbol, afgode gemaak en aanbid. Wat het van 'n paar Amoriete, Abraham en sy familie, God se volk gemaak?

Dit was God se verbondsonderneming met hulle: "Ek sal julle God wees en julle sal my volk wees." In die hele mensdom wat God net vir Abraham-hulle "God met julle - Ek is, is julle God." God se verbondsonderneming om God te wees en hulle sy volk

te laat wees, was die deurbreek van die verhouding in alle afgodsdienste – "Ons maak God wie Hy is en ons hou God lewend in en deur en vir ons."

Wat Israel God se volk gemaak het is die Abrahams (ek sal julle vergader, reinig en lief maak vir My Eseg. 36: 24 -) en Dawidsbeloftes (Ek sal julle Here wees) van God aan Israel.

Hoe is Israel, die 10 stamme-ryk  as volk van God verwerp?

Deur hulle volhardende afgodsdiens van amper 700 jaar – hulle het, vandat die Here hul uit Egipte geroep het as sy seun tot en met die val van Samaria, God se verbondsverhouding met hulle geminag deur die intieme ervarings met God wat hulle in hul afgode ingeleef het. (Exodus 32; Hosea 11: 2)

Hulle wou mag aanbid en nie God nie, net soos die Satan Christus in die woestyn versoek het. (Mat.4: 8 en 9)

Christus vervang hierdie goddelose Israel deur die seun van Abraham en die seun van Dawid te word. (Mat.1:1) So word Jesus Christus die draer en vervuller van God se beloftes in die plek van Israel. In Christus is God nou God met sy kerk – nie meer God met Israel as nasie nie. Christus maak God se beloftes vir sy kerk, nie vir Israel as nasie waar nie. In hulle verwerping as God se volk het die tien stamme van Israel in die Amoritiese gemeenskap verdwyn as net nog 'n klomp Amoriete – tot  vandag toe en Juda het deur Christus net nog 'n nasie tussen die nasies van die wêreld geword.

4. Die Here Jesus het openbaar dat Hy Israel vervang deur 12 apostels te kies as verteenwoordigers van Hom as die seun wat uit Egipte geroep is. God is nou met die kerk van die twaalf apostels van Christus, nie meer met die twaalf stamme wat uit Egipte getrek het nie.

Jesus Christus is nie vandag God met die Jode teen Hamas op God met die onderdrukte Hamas teen die Jode nie. Jesus Christus is God met ons! Ons wie Hom as god met ons aanbid omdat Hy ons van al ons sondes verlos het. Die Jode van die staat Israel aanbid Jesus nie as god nie en Hamas aanbid Jesus Christus nie as " God met ons" nie,

Die NG Kerk soos Christelike kerke wêreldwyd  word deur die oorlog tussen Israel en Hamas verskeur in twee groepe, die wie glo God is met die Jode en die wie glo God is met die onderdrukte Palestyne. Die wat glo God is aan die kant van die Jode, glo dit omdat hulle glo Israel is nog steeds die volk van God. Dit is verkeerd. Christus is die seun wat uit Egipte geroep is, nie meer die Joodse gemeenskap nie. Christus het God se verwerping van Israel as sy volk voltrek en sy kerk God se volk gemaak.

Dit is net so waansinnig om te glo dat God aan die kant van Hamas teen die Jode is. Hierdie wangeloof leef nou in die NG Kerk in die Weskaap veral. Hulle het met die Algemene Sinode leiding geneem om 'n komitee saam te stel om die christelikheid van Sionisme, die politieke identiteit van Israel te ondersoek. Hulle gaan met Israel maak wat hulle met die Afrikaanse gemeenskap gemaak het – God is teen apartheid en aan die kant van die onderdrukte swart gemeenskap.

Tutu en Boesak het dit so gepreek: die Afrikaners is die Egiptenare en hulle president is die Farao wat die Here se volk, die swartgemeenskap onderdruk. God is aan die kant van die onderdruktes en gaan  sy swartvolk bevry en uitlei onder die tirannie van die onderdrukkers. Met hierdie godsbeeld gaan die Weskaap nou leiding neem om te wys dat God is teen die Sioniste wat 'n onbybelse ideologie is en God is aan die kant van die Palestyne en Hamas wat die onderdruktes is.

Jesus Christus is God met sy kerk, nie God met Israel of Hamas nie.

5. Ons as die kerk van die Here Jesus Christus kan nie die oorlog tussen die Jode en die Palestynse sien as 'n godsdienstige oorlog waarin Jesus "God met ons" in een van die twee kante is nie

Christus is God met sy kerk (Mat.28:20) nie met nasies nie. Daardie tipe posisie is die valse Messias wat Jesus verwerp het in Satan se versoeking in die woestyn – om die mag te kry om nasies aan goddelike mag te onderwerp. (Mat. 4: 8 en 9)

Net so is Christus nooit die God van sosiale klasse en ordes nie – die God van die armes, die randfigure, die onderdruktes, die werkersklas, die elite, die leiers, die rykes nie. Christus gebruik nie sosiale groepe om mag oor alle nasies te kry nie. Hy is die Here van alle nasies wat sy kerk na sy nasies stuur om Hom as die Christus en God met sy kerk te verkondig. So versamel Christus uit al sy nasies 'n kerk wat geheilig is om Hom as God te aanbid. Vir hierdie kerk uit alle nasies is Hy "God met ons".

Mag Christene kant kies in oorloë? Ja! Maar dan vir dit waaroor oorloë gaan: oor die verskil tussen demokrasie en outokrasie, oor die verskil tussen stamgemeenskappe en die vryheid van die individu, oor die reg op veiligheid, selfbeskikking, besit en die vryheid van mening en beweging. Maar ons kies nooit kant in 'n oorlog omdat God aan een kant en teen die anderkant is nie.

Daarom moet ons ook versigtig wees vir die oorlog in Palestina want vir beide kante is dit 'n heilige oorlog. Vir Hamas is dit Allah aan hulle kant en vir die konserwatiewe Jode is Jahweh die God van die 12 stamme van Israel aan hulle kant. Daarom is die oorlog vir hulle beide 'n uitwissings oorlog van die vyande van God en nie net 'n oorlog wat die vyand moet verslaan nie. .

Israel is nie God se volk en Hamas is nie God se onderdruktes nie. Die waansinnigheid van die Wes-Kaapse geestelikheid waarin God op 'n besondere wyse die God van die onderdruktes sou wees, wys in die absurditeit van hoe hulle die Bybel nou moet buig om God die God van die onderdrukte Palestyne te maak: nou is Israel die Egiptenare en die Israeliese president is kamstig volgens die Bybel nou die Farao van Egipte. Hamas is die God van die uittog uit Egipte se volk en die leiers van Hamas is Moses. En so gaan, volgens hulle Bybeluitleg, God die Moslems as  sy volk van die Jode bevry!

Die geboorte van Jesus Christus het openbaar Hy is die Seun wat uit Egipte geroep is vir sy kerk. Hy is God met sy kerk, nie die Jode of Hamas nie. Jesus Christus is "God met ons", sy kerk, die nuwe Israel.